# Gebedsbulletin
# No. 41 van 2024

## 13 Oktober 2024

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Vat die tyd reg vas

Daar is ook 'n morele komponent verbonde aan tyd. Vandat horlosies doer in die veertiende eeu in kerktorings in Europa aangebring is, het die vermorsing van tyd gereeld predikers se aandag getrek. Dit was vir hulle sinoniem met 'n morele oortreding. Die bekende 17de eeuse Puriteinse leraar, Richard Baxter, het byvoorbeeld dikwels gewaarsku teen wat hy beskou het as die sondes van tydmors en ligsinnige praatjies. Hy het mense selfs ook gewaarsku teen die "gevare" van te lank slaap.

Paulus skryf in Efesiërs 5:16: "Gebruik die tyd reg deur elke geleentheid aan te gryp. Koop dit uit met wysheid. Wees egter versigtig, want dit is bose tye." Hyself is bewus van die morele en immorele aard van tyd. Ons systap laasgenoemde as ons elke dag se porsie tyd proaktief tot voordeel van God en ander mense uitkoop. Die effektiewe benutting van elke dag, wat die Here tot ons beskikking stel, moet 'n normale deel uitmaak van ons geloof. In gewone taal gesê, ons doen elke dag daardie goeie dinge, wat ons hand vind om te doen vir ander mense. Ons doen elke dag daardie goeie werke, waartoe God ons bestem het, volgens Efesiërs 2:10. Ons verander ons eie tydsgebruik dag na dag van sleg na goed.

***Geskryf deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Jaco Steenkamp
Johnny Viviers
Annie Brink
Annika Kilian
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Jaap Naudé
Tannie Bets Coetzee
Marinda Jordaan
Tannie Rina vd Vyver
Rudi Kruger
Adri Botha
Johan Zulch
Ivan Garacki
Cedric Wiegand
Willie Viljoen
Rina du Plessis
Danie Therom
Tannie Hanna Pienaar




***Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .***
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN




## Gedagte vir die week




Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in